**20 Februarie**

Skrifgedeelte: Rigters 19

# Pligsversuim lei tot morele en sedelike verval

Dit gaan al hoe slegter met die volk. Hier word vertel van ’n stam van die verbondsvolk wat in hulle stad Gibea net so goddeloos en sedeloos optree soos die mense van Sodom destyds! Maar waar begin alles? Die oorsaak van Gibea se goddelose optrede begin by die geestelike leiers van Israel wat ontrou geword het. Die verhaal van die Leviet en sy byvrou teken die situasie. Die feit dat sy ’n byvrou is, sê op sigself al iets oor die geestelike leier se ontrou. Hy laat haar vir meer as ’n jaar wegloop na haar pa toe voordat hy iets aan die saak doen. Daar by haar pa doen hy sy plig om haar terug te roep. Haar pa (die wêreld) probeer hom herhaaldelik terughou van sy ampswerk. Uiteindelik vertrek hy. Maar dit is al laat. Hy vermy die heidense stede om by sy eie mense, die Benjaminiete, te kom. Sy eie mense ag hom nie as gesant van die Here nie. Hulle betoon geen gasvryheid nie. Iemand van buite Gibea, ’n ou man (van die vorige geslag wat nog goed was), betoon gasvryheid.

Die ergste gebeur die nag toe die mense van Gibea sodomie wil beoefen. Hulle tree soos die mense van Sodom in Lot se tyd op! In plaas daarvan dat die Leviet sy byvrou beskerm, stoot hy haar na buite. Sy vrou, sy toekoms, sy nageslag sterf. As dit die toestand van die geestelike leiers is, gaan die volk ten gronde. Daarom moes Jesus Christus kom om die volk van God te red. Hy lê sy lewe vir sy bruid af (vgl. Ef 5:21 ev).

As die kerk se herders hulle eie lewe belangriker as dié van die gemeente stel, ly God se volk, sy nageslag, daaronder. Die kerk moet aan Jesus Christus vasgryp. Hy sal sy bruidskerk nooit in die steek laat nie.

Sing: Psalm 86:1, 6

Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)